

RITMES VAN DIE JESUS LEWE

Reisgids vir Senior Kategese

1. Welkom

Beste Ouer, Voog en Kategeet,

Welkom by ons eerste reis vir die Kategese jaar van 2021, die Ritmes van die Jesus Lewe. Ons sien uit om saam met elkeen van julle die opwindende reis aan te pak.

Ons het die hulp van elke ouer en voog nodig om ons hande sterk te maak met die deelneem en aanbied van elke week se Kategese ontmoeting vir die voorsienbare toekoms vir hierdie jaar. Hierby word 'n video aangeheg wat die riglyne vir die week se ontmoeting mooi beskryf en uiteensit.

Hierdie is 'n mooi ruimte om saam met jou kind iets te ontdek van hoe dit lyk om 'n volgeling van Jesus te wees! Mag dit 'n ryk ervaring vir elkeen van julle wees!

2. Gebed, Wees in die oomblik

Begin die week se ontmoeting deur die volgende gebed 'n paar keer saam te bid. (elkeen kan dit op sy eie of hardop bid)

Here, U roep ons met die uitnodiging "Kom na My toe", vorm my en stuur my.

1. VERWELKOMING

2. BID HIERDIE GEDEELTE SAAM
MET JOU KIND, KINDERS.

3. Ons luister na mekaar

- Wat is die grootste avontuur waarop jy al gegaan het?
- Is jy iemand wat daarvan hou, om op 'n avontuur te gaan?
- Wat is jou idee van 'n avontuur?
- Hoe sal jy jouself vir 'n avontuur voorberei?

4. Ons lees en Luister Saam

Skrifgedeelte Matteus 11:27-30

27 Na die gebed gesels Jesus toe verder met die mense: “My Vader het My gevra om al hierdie dinge op die aarde te kom doen. Hy het ook vir My alles gegee wat Ek nodig het om dit wel te kan doen. Ek en my Vader het geen geheime vir mekaar nie. Ons ken mekaar deur en deur. Niemand ken Ons soos Ons mekaar ken nie. Wil julle die Vader so leer ken? Ek kan julle aan 28 Hom voorstel. “Daarom wil Ek julle uitnooi: Voel julle moeg vir hierdie lewe? Knak julle knieë onder al die probleme en verantwoordelikhede wat julle moet dra? Het julle godsdienstige leeg geword sodat dit julle geestelike dors nie meer les nie? Kom dan na My toe! Ja, kom wy jou lewe aan My toe. By My sal jy weer die sin van die lewe ontdek. “Kom luister na wat Ek vir jou oor jou lewe wil leer. Ek sal jou leer dat geluk nie is om heeltyd net vir jouself te leef nie. Jy sal ontdek wat dit beteken om nog vir ander mense tyd en liefde oor te hê. 29 “Kom ontdek watter vreugde dit bring om te leef soos God wil hê jy moet leef.

- Watter gedeelte staan vir jou uit?
- Watter deel bemoedig jou?
- Watter deel ontstel jou?
- Het jy vrae oor die gedeelte?

3. LUISTER NA MEKAAR SE ANTWOORDE.

4. OUER OF KIND LEES DIE TEKSGEDEELTE.

- OUER EN KIND VRAE DAN DIE VRAE AAN MEKAAR.

(LUISTER MOOI NA MEKAAR.)

5. Ritme Vrae

- Met watter gesigsuitdrukking (emoji) nooi Jesus ons na die gedeelte toe?
- Hoe kom jy tans na Jesus toe?
- Wat leer jy tans by Jesus
- Lewe jy lig, of is jy moeg en gespanne?

6. Ons kyk vorentoe

- Wat is die een ding wat jy met jou saamneem die week in?
- Is daar iets wat jy nuut ontdek het oor God en oor jouself?

7. Oefening vir die week & Gebed

Elke week is daar 'n lekker oefening wat ons gaan help om iets vas te vang van dit waarmee ons vandag mee besig was.

Skryf, teken of maak iets wat jou verwagting vir die volgende 10 weke vasvang.

Gebed: Here, stuur my en rig my lewe in die rigting waarheen U wil hê dat ek moet gaan.

5. LUISTER NA MEKAAR SE ANTWOORDE EN SKRYF DIT NEER IN 'N JOERNAAL.

6. OUER OF KIND LEES DIE TEKSGEDEELTE.

- OUER EN KIND VRAE DAN DIE VRAE AAN MEKAAR.
-

7. OEFENING VIR DIE WEEK

- SKRYF, TEKEN, SKEP IETS WAT JOU VERWAGTING VIR DIE VOLGENDE 10 WEKE VASVANG